Hoërskool Gimnasium

HUIS McFARLANE
HOOFSTRAAT 416
POSBUS 281
PAARL,7620
TEL : 021 872 3870
FAKS : 021 872 7585
debiteure@gimkoshuise.co.za

HUIS BRUWER
HOSPITAALSTRAAT 15
POSBUS 281
PAARL, 7620
TEL : 021 872 0128
FAKS : 086 560 8260
debiteure@gimkoshuise.co.za

HUIS KALAHARI VISSER
V D LINGENSTRAAT
POSBUS 281
PAARL, 7620
TEL : 021 872 4066
FAKS : 021 872 4066
debiteure@gimkoshuise.co.za

HUIS JACOMè LOUBSCHER
HOOFSTRAAT 416
POSBUS 281
PAARL, 7620
TEL : 021 872 3870
FAKS : 021 872 7585
debiteure@gimkoshuise.co.za

HOËRSKOOL GIMNASIUM KOSHUISE : TERME EN VOORWAARDES

BETALINGSTRUKTUUR VIR KOSHUISGELDE SOOS PER DIE NASIONALE KREDIETWET, WET 34 / 2005:

Na aanleiding van die inwerkingtrede van die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 ("Kredietwet") op 1 Julie 2007, was die koshuis noodgedwonge verplig om sekere wysigings aan die betalingstruktuur en aansoekproses vir koshuisverblyf te maak.

Ten einde 'n volledige oorsig oor hierdie aangeleentheid te bekom, het ons onafhanklike regsadvies ingewin om die Kredietwet, asook die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, soos gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005, asook die beleidsdokument vir die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (Kennisgewing 2362/1998), soos gewysig in 2004 en die Toelatingsbeleid vir Publieke Skole 1998, sowel as die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 te raadpleeg en die koshuis van sy verpligtinge in terme van hierdie wetgewing te adviseer.

1. DIE KOSHUIS SE VERPLIGTINGE IN TERME VAN DIE KREDIETWET

1.1 Die Kredietwet maak voorsiening vir drie soorte kredietooreenkomste: 'n krediettransaksie, 'n kredietfasiliteit en 'n kredietwaarborg. 'n Kredietfasiliteit is 'n klererekening of 'n kredietkaart, terwyl 'n persoonlike borgstelling 'n voorbeeld van 'n kredietwaarborg is. 'n Krediettransaksie hierteenoor dui op 'n pandooreenkoms, toevallige krediettransaksie, verband, lening of enige ander ooreenkoms in terme waarvan betaling uitgestel word en 'n fooi of rente op die uitgestelde bedrag gehef word.

1.2 Die wyse waarop die koshuis die koshuisgelde hef, bring nie een van bogenoemde tot stand nie. Die rede hiervoor is dat Artikel 4(6)(b) van die Kredietwet voorsiening maak vir die verskaffing van 'n deurlopende diens ("continuous services"). 'n Deurlopende diens is 'n diens wat gelewer word met die bedoeling dat dit aaneenlopend deur die verskaffer aan die verbruiker gelewer word en die ooreenkoms, wat die diens reguleer, in werking bly vir solank as wat die diens gelewer word. Die koshuis bied 'n deurlopende diens aangesien die koshuis 'n ooreenkoms met u as rekeningpligtige aangegaan het om 'n diens te verskaf gedurende die skooljaar en die ooreenkoms in werking bly totdat die diens klaar gelewer is.

1.3 Die invloed van bogenoemde op die koshuis se betalingstruktuur is dat daar geen voorgeskrewe betalingstruktuur vir die koshuis is in terme van die bepalings van die Kredietwet nie. Die koshuisgeld kan dus op enige tydstip gehef word en die verpligting om te betaal, met ander woorde die tydstip wanneer die bedrag verskuldig en betaalbaar is, sal afhang van die betalingsopsie wat u as rekeningpligtige kies.

1.4 'n Toevallige krediettransaksie kan egter tussen die koshuis en die rekeningpligtige tot stand kom indien 'n rekeningpligtige nie die fondse en gelde betaal op die tydstip wat dit verskuldig en betaalbaar is nie. Die bepalings van die Kredietwet sal vanaf daardie tydstip wel van toepassing wees op hierdie ooreenkoms.

1.5 Aangesien dit die beleid van die koshuis is om rente op agterstallige rekeninge te hef, sal 'n toevallige krediettransaksie tot stand kom wanneer 'n rekeningpligtige agterstallig is met die betaling van die uitstaande rekening(e). Die koshuis moet dan aan die vereistes vir 'n toevallige krediettransaksie, soos omskryf in die Kredietwet, voldoen. Die vereistes vir 'n toevallige krediettransaksie is as volg:

a) Die koshuis hoef nie as 'n kredietverskaffer te registreer nie [Artikel 40(1)(a)];
b) Die koshuis en die rekeningpligtige sal geag word om 'n toevallige krediettransaksie aan te gaan na 30 (dertig) kalenderdae (dus 20 (twintig) besigheidsdae) verloop het, vanaf die **datum waarop die eerste rekeningstaat aan die rekeningpligtige gestuur is, welke rekening steeds uitstaande is en waarna rente op die uitstaande kapitale bedrag gehef sal word teen 20% per jaar;**

c) Die rente, soos genoem in paragraaf (b) hierbo, sal gehef word teen **20% per jaar, welke rente maandeliks saamgestel sal word vanaf die datum wat die eerste rekeningstaat, soos versend aan die rekeningpligtige, 30 (dertig) kalenderdae agterstallig is** [Artikel 101(d), (f) en (g)];

d) Die koshuis mag nie 'n rekeningpligtige se inligting aan 'n derde party bekend maak nie. Indien die koshuis egter in terme van 'n bevel deur 'n hof of tribunaal, beveel word om die inligting te openbaar, kan die inligting nie weerhou word nie en sal die koshuis nie aanspreeklik gehou word vir openbaarmaking daarvan nie;

e) Die koshuis is daarop geregtig om 'n kredietkontrole of 'n bekostigbaarheidsanalise te doen wanneer rekeningpligtiges hul kind by die koshuis inskryf (Artikel 81) **en ook jaarliks daarna, vir solank as wat die rekeningpligtiges hul kind in die koshuis wil hou**;

f) Indien 'n rekening eenmaal oorhandig is vir invordering aan die koshuis se prokureur van rekord, sal die leerder outomaties sy of haar plek in die koshuis vir die volgende jaar verbeur en moet daar heraansoek gedoen word vir koshuisverblyf vir die volgende jaar, tensy anders, skriftelik, ooreengekom met die koshuis;

g) Die skool en koshuis word verbied om inisiëringsfooie vir toevallige krediettransaksies te hef [Tabel B van Regulasie 42(2)];

h) Die rente deur die skool en koshuis gehef op die uitstaande en verskuldigde bedrae mag nie die totale bedrag verskuldig oorskry nie;

i) Indien 'n rekeningpligtige 'n rekeningstaat versoek, moet die koshuis 'n rekeningstaat aan die rekeningpligtige lewer, wat die volgende inligting bevat:

   i) Die huidige balans deur die rekeningpligtige verskuldig;

   ii) Enige bedrae teen die rekening van die rekeningpligtige gekrediteer en gedebiteer tydens 'n spesifieke periode;

   iii) Die bedrag wat die rekeningpligtige op die spesifieke oomblik verskuldig is, sowel as die datum wanneer verdere bedrae betaalbaar is;

   iv) Die totale bedrag wat huidiglik agterstallig is, sowel as die datum wanneer die toekomstige bedrae betaalbaar is.

j) Die rekeningstaat, soos genoem in paragraaf (i) hierbo, moet binne 10 (tien) besigheidsdae aan die rekeningpligtige gelewer word. Die koshuis kan die rekening **per e-pos lewer. Die rekeningpligtige sal die rekening binne 24 uur geag te ontvang het, indien dit per e-pos na die adres soos genomineer op die aansoekvorm gestuur is.** [Artikel 110(3)(b)].

2. REGTE VAN DIE KOSHUIS OM AGTERSTALLIGE GELDE IN TE VORDER

2.1 **Die koshuis is geensins 'n party tot enige Egskeidingsbevel of Onderhoudshofbevel nie en agterstallige gelde kan van beide ouers en/of wettige voogde van koshuisleerders gesamentlik en / of afsonderlik verhaal word. Beide ouers en / of wettige voogde van die koshuisleerder moet ook die aansoekvorm en alle aanhangels daartoe onderteken, ten spyte van watter ouer / voog die rekening sal vereffen. Die "rekeningpligtige", vir doeleindes van hierdie dokument, sluit dus beide biologiese ouers en / of voogde van 'n koshuisleerder in.**

2.2 Indien 'n derde persoon (anders as 'n koshuisleerder se biologiese ouers en/of voog) aanspreeklikheid aanvaar vir 'n leerder se koshuisgelde, moet die nodige ondersteunende dokumentasie aan die koshuis gelewer word en daardie persoon sal dan geag word die rekeningpligtige te wees en gebonde wees aan die bepalings, soos vervat in hierdie dokument, vir solank as wat die leerder in die koshuis woonagtig is.

2.3 Sodra 'n rekeningpligtige **meer as 30 dae, vanaf datum waarop die eerste rekeningstaat aan die rekeningpligtige gestuur is**, agterstallig is met die vereffening van die rekening is die koshuis daarop geregtig om hul na die regsproses te wend en om die rekeningpligtige se verpligting om die koshuisgelde te betaal, af te dwing. Die Wet op Landdroshowe lê sekere riglyne hiervoor neer.

2.4 Om 'n rekeningpligtige te kan dagvaar vir agterstallige gelde, moet die koshuis skriftelike kennis aan die rekeningpligtige gee, in welke skrywe die rekeningpligtige na **30 dae se agterstallige rekening aangemaan sal word** om die uitstaande bedrag, binne 'n sekere tydperk, te betaal. Indien die rekeningpligtige binne die gemelde tyd, soos genoem in die aanmaning, die uitstaande bedrag betaal, sal die invorderingsproses gestaak word.

2.5 **Indien die rekeningpligtige egter steeds versuim om die verskuldigde bedrag te betaal, na datum soos gemeld in die aanmaning, kan die koshuis in terme van die Landdroshofreëls die rekeningpligtige na 60 dae se agterstallige rekening dagvaar vir die agterstallige kapitale bedrag, asook rente op die agterstallige kapitale bedrag en alle invorderingskostes.**

2.6 **Indien die rekeningpligtige nie binne die voorgeskrewe tydperk reageer op die bogenoemde dagvaardiging nie, sal die koshuis se prokureur van rekord aansoek doen vir verstekvonnis by die plaaslike Hof.**

2.7 **Indien verstekvonnis toegestaan word, sal die koshuis se prokureur van rekord voortgaan om 'n lasbrief vir eksekusie teen die rekeningpligtige te bekom, waarna die Balju van die Hof opdrag gegee sal word om beslag te lê op die rekeningpligtige se roerende en/of onroerende bates.**

2.8 **Indien die rekeningpligtige geen bates besit nie, sal die rekeningpligtige voor die plaaslike Hof gedaag word, in terme van Artikel 65 van die Wet op Landdroshowe, welke aansoek tot gevolg sal hê dat 'n Hofbevel teen die rekeningpligtige toegestaan word, welke Hofbevel sal bepaal in watter maandelikse paaiemente die rekeningpligtige die agterstallige kapitale bedrag, asook rente en invorderingskostes, moet terugbetaal.**

2.9 **Die Artikel 65-aansoek kan ook tot gevolg hê, dat 'n besoldigingsbeslagleggingsbevel teen die rekeningpligtige se werkgewer uitgereik word, vir die werkgewer om maandelikse betalings namens die rekeningpligtige te maak soos beveel deur die plaaslike Hof. Laasgenoemde hofbevel sal ook teen die rekeningpligtige se kredietrekord geregistreer word.**

2.10 Regulasie 47 van die Kredietwet bepaal dat die regskostes van die rekeningpligtige verhaal kan word ingevolge die bepalings van die Wet op Landdroshowe.

GEDATEER TE_____ OP HIERDIE ____ DAG VAN _____ 20_____

_____

Biologies Vader / Voog / Rekeningpligtige

Beide ouers teken hier voluit

_____

Biologiese Moeder / Voog / Rekeningpligtige

AANHANGSEL B: TERME EN VOORWAARDES

1. Vanuit die staanspoor word dit duidelik gemaak dat die koshuis ‘n diens lewer aan elke leerder (dus indirek aan elke rekeningpligtige), van onder andere die verskaffing van slaapplek, badkamergeriewe, etes, wasgeriewe en skoonmaakdienste. Die koshuis het op ons beurt weer eksterne en interne diensverskaffers om te betaal. Indien die rekeningpligtige nie die gekose betalingsooreenkoms eerbiedig nie, kan hierdie dienste nie aan die leerders gelewer word nie en sal die lewering van die diens summier gestaak word.

2. Deur die aansoekvorm te onderteken, verbind u uself aan die terme en voorwaardes soos hierin uiteengesit. Die ooreenkoms tree in werking ten tye van ondertekening van die aansoekvorm **deur die rekenpligtige (aldus beide biologiese ouers / voogde en of derde party wat aanspreeklikheid aanvaar vir die vereffening van die rekening)** en sal in werking bly vir die tydperk wat die koshuisleerder in die koshuis ingeskryf is.

3. Huis Kalahari Visser, Huis Bruwer, Huis Jacomè Loubscher en Huis McFarlane (“die Koshuis”) is daarop geregtig om hierdie terme en voorwaardes te enige tyd te wysig en ‘n gewysigde kopie sal aan die rekeningpligtiges beskikbaar gestel word, óf op die skool se webblad óf deur ‘n kopie aan die rekeningpligtiges te lewer **per e-pos.**

4. Vir solank as wat hierdie ooreenkoms in werking is, onderneem die koshuis om die dienste, soos genoem in paragraaf 1 hierbo wat met koshuislosies gepaard gaan, aan die leerder te lewer. Die rekeningpligtige onderneem om op sy en/of haar beurt die rekening te vereffen, ooreenkomstig die betalingsopsie deur die rekeningpligtige geselekteer.

5. ‘n Rekeningpligtige se rekening sal gehef word ooreenkomstig die betalingsopsie deur die rekeningpligtige gekies op die aansoekvorm. Indien die rekeningpligtige:
    a. die **maandelikse opsie** kies, sal die koshuis maandeliks aan die rekeningpligtige ‘n rekeningfaktuur lewer waarop die bedrag sowel as datum van betaling aangedui word. Alle betalings moet voor of op die 1ste (eerste) dag van elke maand geskied. Indien die eerste dag nie ‘n besigheidsdag is nie, moet betalings op die **voorafgaande** besigheidsdag geskied.

b. die **kwartaal-opsie** kies, sal die koshuis kwartaalliks aan die rekeningpligtige 'n rekeningfaktuur stuur waarop die bedrag sowel as datum van betaling aangedui word. Kwartaalbetalings moet voor of op die volgende datums, soos ook aangedui op die faktuur, geskied:

Kwartaal 1: Voor of op 7 Januarie

Kwartaal 2: Voor of op 7 April

Kwartaal 3: Voor of op 7 Julie

Kwartaal 4: Voor of op 7 Oktober

c. die **jaarlikse opsie** kies, sal die koshuis jaarliks aan die rekenpligtige 'n rekeningfaktuur stuur waarop die bedrag sowel as datum van betaling aangedui word. Jaarbetalings moet voor of op 28 Februarie geskied.

6. Indien die rekeningpligtige die betalingsopsie wil wysig, moet die rekeningpligtige die koshuis **30 (dertig) dae voor die volgende betaaldatum van die nuwe gekose opsie** skriftelike kennis gee alvorens die wysiging in werking sal tree.

7. Rente sal teen 'n koers van **20% per jaar** op **agterstallige rekeninge** gehef word. Rente word daagliks, vanaf die datum van versending van die eerste rekeningstaat wat agterstallig is, bereken en maandelikse saamgestel.

8. Indien die rekening **30 (dertig) dae** uitstaande is, van datum waarop dit die eerste maal aan die rekeningpligtige gestuur is, sal die rekenpligtige 'n aanmaningsbrief ontvang.

9. Indien die rekening nie binne die voorgeskrewe tydperk, soos gemeld in die aanmaning, vereffen word nie, **gaan die koshuis voort met dagvaardiging – sien paragraaf 2.5 hierbo**. 'n Rekening wat **60 (sestig) dae** agterstallig is, van datum waarop dit die eerste maal aan die rekeningpligtige gestuur is, word aan ons prokureurs oorhandig. Die rekenpligtige sal na 60 (sestig) dae se agterstallige rekening 'n *Transunion*-brief ontvang. Die regs- en invorderingskostes sal van die rekeningpligtige verhaal word.

10. Indien ’n rekening **<u>90 (negentig) dae</u>** uitstaande is, van datum waarop dit die eerste maal aan die rekeningpligtige gestuur is, sal die leerder se verblyf in die koshuis ontsê word **en moet die leerder**

summier die koshuis en sy / haar kamer ontruim. Indien die leerder weier en / of versuim en / of nalaat om sy / haar kamer binne die 90 (negentig) kalenderdae te ontruim, sal die koshuis, met die toestemming van die rekeningpligtige soos gegee deur hom / haar met die ondertekening van hierdie dokument, geregtig wees om die leerder se koshuiskamer namens hom / haar te ontruim en sy / haar persoonlike items in veilige bewaring te hou. Die koshuis behou verder steeds die reg voor om die agterstallige rekening van die rekeningpligtige te verhaal.

11. U verleen hiermee toestemming dat die koshuis die inligting in hierdie aansoekvorm vervat, mag kontroleer by die kredietburo.

12. Indien dit blyk dat enige inligting in die aansoekvorm vervat vals te wees, behou die koshuis die reg voor om hierdie ooreenkoms te kanselleer, die leerder verdere losies te ontsê en enige skade wat die koshuis as gevolg daarvan gely het van die rekeningpligtige te verhaal.

13. Die koshuis, insluitende personeel, werknemers en ander verantwoordelike persone onderneem om die inligting in die aansoekvorm vervat, konfidensieël te hou en dit nie aan ‘n derde party te openbaar nie, tensy verplig word deur ‘n hofbevel of ‘n bevel gelewer deur ‘n tribunaal of indien toestemming in terme van hierdie ooreenkoms daartoe verleen is.

14. Die rekeningpligtige onderneem om die koshuis 3 (drie) maande skriftelik kennis te gee van die voorneme om die leerder se koshuisverblyf te beëindig. By versuim om 3 (drie) maande skriftelik kennis te gee, sal die rekeningpligtige aanspreeklik gehou word vir die oorblywende skooljaar en/of volgende jaar se koshuisgelde.

15. Die rekeningpligtige onderneem om jaarliks, met die aanvang van die vierde skoolkwartaal, die leerder vir die daaropvolgende akademiese jaar vir inwoning in die koshuis te registreer. Hierdie registrasieproses, wat ‘n bekostigbaarheidsanalise sal insluit, dien nie as ‘n heraansoek-prosedure nie, maar is wel ‘n voorvereiste vir koshuisverblyf vir die daaropvolgende akademiese jaar. Indien die leerder nie aanvaar word vir die volgende skooljaar nie, sal u skriftelik daarvan in kennis gestel

word voor of op 1 Desember van elke jaar. Indien u egter geen korrespondensie van die koshuis ontvang nie, word die aansoek as suksesvol geag.

16. Die Superintendente van die onderskeie koshuise tree op in *loco parentis* vir alle leerders in die koshuise en u magtig hiermee die betrokke Superintendent om in tye van nood as u gevolgmagtige op te tree.

17. Die koshuis, die personeel, werknemers en die koshuisbeheerliggaam aanvaar geen aanspreeklikheid vir liggaamlike beskadiging en beserings, dood of enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van leerders, hetsy opsetlik, nalatig of watter wyse ookal, veroorsaak.

18. Die koshuis behou die reg voor om hierdie ooreenkoms te kanselleer indien ‘n leerder die koshuisreëls verbreek, soos omskryf in die gedragskode. Die dissiplinêre prosedure en kansellasieproses word volledig omskryf in bogenoemde gedragskode.

19. Indien enige bepaling van hierdie terme en voorwaardes nie ten volle afdwingbaar is nie, sal die oorblywende bepalings wel van krag bly.

20. Die koshuis kies sy *domicilium citandi et executandi* as Hoofstraat 416, Paarl, 7646.

21. U adres, soos op die aansoekvorm aangedui, sal dien as u *domicilium citandi et executandi*. Hierdie adres sal gebruik word vir die lewering van fakture, state en die betekening van geregtelike posesstukke. U onderneem om die koshuis in kennis te stel indien u van adres verander of ‘n ander adres vir hierdie doeleindes wil aandui.

GEDATEER TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20_____

_____

Biologies Vader / Voog / Rekeningpligtige

Beide ouers teken hier voluit

_____

Biologiese Moeder / Voog / Rekeningpligtige

NAAM VAN U KIND / KINDERS

_____

_____

_____